


# Sakekamer benadruk stad se ekonomiese druk

**Mireille de Villiers**

MBOMBELA - Die Kruger-Laeveldse toerisme- en sakekamer (KLCBT) het die Stad Mbombela Plaaslike Munisipaliteit (SMPM) namens die sakegemeenskap gevra om sy sake agtermekaar te kry.

Die sakekamer het sy prioriteitsterreine vir die ontwikkelingsplan verlede Dinsdag aan die munisipaliteit voorgelê. Dit word jaarliks gedoen. Die goeie nuus is dat SMPM se nuwe beplande dam teen 2024 in gebruik behoort geneem te kan word. Die ligging sal na raming eers in 2019 gefinaliseer word.

"Ons druk al 10 jaar daarvoor," sê Linda Grimbeek, uitvoerende hoof van KLCBT. Sy het bygevoeg dat hulle weet die munisipaliteit het kontantvloeiprobleme geërf, maar vol vertroue is dat die nuwe bestuur sake sal kan omkeer.

> **Hulle het pragtige strategieë en 'n finansiële omkeerplan, maar hulle moet basiese dienste begin lewer**

"Hulle het pragtige strategieë en die waarnemende munispale bestuurder, Neil Diamond, het 'n finansiële omkeerplan ontwikkel, maar hulle moet regtig begin om basiese dienste goed te lewer, kontrakteurs en Eskom betyds te betaal, meer verkeersbeamptes aan te stel, sigbare polisieëring te verbeter en hul strategieë te publiseer. 'n Groot probleem is onsekerheid oor wat wanneer gaan gebeur," sê sy.

Grimbeek verduidelik dat die voorstelle gemaak is teen die agtergrond van ongefinaliseerde kritiese strategieë vir ekonomiese ontwikkeling, die toerismesektor en water. "Jy kan nie 'n begroting opstel sonder 'n strategie nie."

Sy noem dat die munisipale gebied se groei van 2,3% per jaar heelwat hoër is as die minder as een persent in ekonomiese groei, dat die helfte van die inwoners MIV-positief is, 'n derde arm is, en dat die omliggende gebiede se mense ook van Mbombela afhanklik is vir dinge soos werk.

"Ons kan nie ekomoniese ontwikkeling net vir ons eie inwoners beplan nie. Sowat 700 000 arm mense is 'n las vir Mbombela, en dit is sonder die mense van Mosambiek en Swaziland."

Grimbeek voer verder aan dat daar in groeisektore belê moet word: landbou, toerisme en KMMO's.

Verder het die KLCBT gevra dat inkomsteverhogingstrategieë geïmplementeer word om te verhoed dat daar weer, soos in die vorige finansiële jaar, R122m se slegte skuld afgeskryf word, en R101 miljoen aan uistaande verkeersboetes verlore gaan. "Dit is groot bedrae wat hulle nie kry nie," sê Grimbeek.

Hulle hoop ook dat die munisipaliteit beter interne kontroles instel, soos die ouditeur-generaal voorgestel het, om te verhoed dat groot verliese gely word.

Hulle wil ook groter belegging in die Barberton-omgewing hê. Daar is onlangs aansoek gedoen om wêrelderfenisstatus, wat groot potensiële ekomoniese vooruitsigte daarstel. "Dit kort dringend aandag," sê Grimbeek.

Die sakekamer het nou 'n drukgroep gestig "om seker te maak hulle hou by hul doelwitte". SMPM het ook voorgestel dat hulle elke drie maande vergader om stategie saam te beplan. "Ons het al verskriklik ver gevorder," sluit Grimbeek af.

Die munisipaliteit het nie teen druktyd kommentaar gelewer nie.